

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

WET OP GESINSGEWELD

[No. 116 van 1998]

**WET**

**Om voorsiening te maak vir die uitreiking van beskermingsbevele met betrekking tot gesinsgeweld; en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

**AANHEF**

**MET ERKENNING** dat gesinsgeweld 'n ernstige sosiale euwel is; dat daar 'n hoë voorkoms van gesinsgeweld in die Suid-Afrikaanse samelewing is; dat die slagoffers van gesinsgeweld onder die mees kwesbare lede van die samelewing is; dat gesinsgeweld vele vorme aanneem; dat handeling van gesinsgeweld in 'n wye spektrum van gesinsverhoudings gepleeg kan word; en dat die bestaande regshulp wat aan die slagoffers van gesinsgeweld beskikbaar is, as ondoeltreffend bewys is;

**EN MET INAGNEMING** van die Grondwet van Suid-Afrika en, in die besonder, die reg op gelykheid en op vryheid en sekerheid van die persoon; en die internasionale verbintenisse en verpligtinge van die Staat met betrekking tot die beëindiging van geweld teen vroue en kinders, met inbegrip van verpligtinge kragtens die Verenigde Nasies se Konvensies oor die Eliminering van alle vorme van Diskriminering teen Vroue en die Regte van die Kind;

**IS DIT DIE OOGMERK** van hierdie Wet om aan die slagoffers van gesinsgeweld die maksimum beskerming teen gesinsmishandeling te bied waarvoor die reg voorsiening kan maak; en om maatreëls in te stel wat daarop gemik is om te verseker dat die relevante staatsorgane ten volle uitvoering aan die bepalings van hierdie Wet sal gee, en sodoende dit duidelik te stel dat die Staat tot die uitskakeling van gesinsgeweld verbind is,

**DAAR WORD BEPAAL** deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

#### **INDELING VAN ARTIKELS**

1. Woordomskrywing
2. Plig om klaer by te staan en van regte in te lig
3. Inhegtenisname deur vredesbeampte sonder lasbrief
4. Aansoek om beskermingsbevel
5. Oorweging van aansoek en uitreiking van tussentydse beskermingsbevel
6. Uitreiking van beskermingsbevel
7. Bevoegdhede van hof in verband met beskermingsbevel
8. Lasbrief tot inhegtenisname by uitreiking van beskermingsbevel
9. Beslaglegging op wapens en gevaarlike wapens
10. Wysiging of tersydestelling van beskermingsbevel
11. Bywoning van verrigtinge en verbod op publikasie van sekere inligting

12. Regsbevoegdheid
13. Betekening van dokumente
14. Regsverteenwoordiging
15. Koste
16. Appèl en hersiening
17. Misdrywe
18. Toepassing van Wet deur vervolgingsgesag en lede van die Suid-Afrikaanse Polisie diens
19. Regulasies
20. Wysiging van artikel 40 van Wet 51 van 1977, soos gewysig deur artikel 41 van Wet 129 van 1993 en artikel 4 van Wet 18 van 1996
21. Herroeping van wette en voorbehoude
22. Kort titel en inwerkingtreding

## Definisies

1. In hierdie Wet, tensy die konteks anders aandui, beteken—

**"agtervolging"** ook die herhaaldelike volging, agtervolging of bydam van die klaer;

**"balju"** 'n balju ingevolge artikel 2(1) van die Wet op Balju's, 1986 (Wet 90 van 1986 ) aangestel, of 'n waarnemende balju ingevolge artikel 5(1) van die gemelde Wet aangestel;

**"beskadiging van eiendom"** die opsetlike beskadiging of vernietiging van eiendom wat aan die klaer behoort of waarin die klaer 'n gevestigde belang het;

**"beskermingsbevel"** 'n bevel ingevolge artikel 5 of 10 uitgereik, maar, in artikel 6, nie ook 'n tussentydse beskermingsbevel nie;

**"ekonomiese mishandeling"** ook

- (a) die onredelike weerhouding van ekonomiese of finansiële bronne waarop 'n klaer regtens geregtig is of wat die klaer uit noodsaak benodig, met inbegrip van huishoudelike noodsaaklikhede vir die klaer, en verband terugbetalings of betaling van huur ten opsigte van die gedeelde woning; of
- (b) die onredelike vervreemding van huishoudelike besittings of ander eiendom waarin die klaer 'n belang het;

**"emosionele, verbale en sielkundige mishandeling"** 'n patroon van verkleinerende of vernederende optrede teenoor 'n klaer, met inbegrip van—

- (a) herhaaldelike beledigings, bespotting of uitskellery;

- (b) herhaaldelike dreigemente om emosionele leed te veroorsaak; of
- (c) die herhaaldelike tentoonstelling van obsessionele besitlikheid of jaloesie, wat van so 'n aard is dat dit ernstig inbreuk maak op die klaer se privaatheid, vryheid, integriteit of sekuriteit;

**"fisiese mishandeling"** enige handeling of dreigement van fisiese geweld teenoor 'n klaer;

**"geldelike noodbystand"** vergoeding vir geldelike verliese deur 'n klaer gely ten tyde van die uitreiking van 'n beskermingsbevel as gevolg van die gesinsgeweld, met inbegrip van—

- (a) verlies aan inkomste;
- (b) mediese en tandheelkundige uitgawes;
- (c) hervestiging- en akkommodasie uitgawes; of
- (d) huishoudelike noodsaaklikhede;

**"gesinsgeweld"—**

- (a) fisiese mishandeling;
- (b) seksuele mishandeling;
- (c) emosionele, verbale en sielkundige mishandeling;
- (d) ekonomiese mishandeling;
- (e) intimidasie;
- (f) teistering;
- (g) agtervolging;
- (h) beskadiging van eiendom;

- (i) betreding van die klaer se woning sonder toestemming, waar die partye nie dieselfde woning deel nie; of
- (j) enige ander oorheersende of mishandelende gedrag teenoor 'n klaer, waar sodanige optrede die veiligheid, gesondheid of welstand van die klaer skaad, of dreigende leed ten opsigte van die veiligheid, gesondheid of welstand van die klaer kan meebring;

**"gesinsverhouding"** 'n verhouding tussen 'n klaer en 'n respondent op enige van die volgende wyses:

- (a) Hulle is of was met mekaar getroud, met inbegrip van 'n huwelik ingevolge enige wet, gebruik of godsdienst;
- (b) hulle (ongeach of hulle van dieselfde of teenoorgestelde geslag is) woon saam of het saamgewoon in 'n verhouding wat die aard van 'n huwelik het, alhoewel hulle nie met mekaar getroud is of was nie of nie in staat is om met mekaar te trou nie;
- (c) hulle is die ouers van 'n kind of is persone wat ouerlike verantwoordelikhede ten opsigte van daardie kind het of gehad het (ongeach of dit op dieselfde tydperk is of was);
- (d) hulle is familielede wat aan mekaar verwant is uit hoofde van bloedverwantskap, aanverwantskap of aanneming;
- (e) hulle is of was in 'n verlowings-, uitgaan- of gebruikelike verhouding, met inbegrip van 'n werklike of veronderstelde romantiese, intieme of seksuele verhouding van enige tydperk; of
- (f) hulle deel of het dieselfde woning gedeel;

**"gevaarlike wapen"** enige wapen soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Gevaarlike Wapens, 1968 (Wet 71 van 1968 );

**"hierdie Wet"** ook die regulasies;

**"hof"** 'n landdroshof vir 'n distrik beoog in die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet 32 van 1944 ).

**"intimidasie"** die uitspreek, oordra of veroorsaking van 'n dreigement aan 'n klaer, wat vrees inboesem;

**"klaer"** 'n persoon wat in 'n gesinsverhouding met 'n respondent staan of gestaan het, en wat aan 'n handeling van gesinsgeweld onderwerp is of was of na bewering aan so 'n handeling onderwerp is of was, met inbegrip van enige kind in die sorg van die klaer;

**"klerk van die hof"** 'n klerk van die hof ingevolge artikel 13 van die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet 32 van 1944 ), aangestel, met inbegrip van 'n assistent-klerk van die hof aldus aangestel;

**"lid van die Suid-Afrikaanse Polisie"** 'n lid soos omskryf in artikel 1 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisie, 1995 (Wet 68 van 1995 );

**"respondent"** 'n persoon wat in 'n gesinsverhouding teenoor 'n klaer staan of gestaan het en wat 'n handeling, of na bewering 'n handeling, van gesinsgeweld teenoor die klaer gepleeg het;

**"seksuele mishandeling"** enige gedrag wat die klaer mishandel, verneder, verkleineer of andersins die klaer se seksuele integriteit skend;

**"teistering"** die aanneem van 'n gedragspatroon wat vrees vir die berokkening van leed teenoor 'n klaer inboesem, met inbegrip van—



- (a) die herhaaldelike dophou van, of rondslinger buite of naby, die gebou of plek waar die klaer woon, werk, besigheid bedryf, studeer of hom of haar bevind;
- (b) die herhaaldelike maak van telefoonoproepe of oorreding van 'n ander persoon om telefoonoproepe na die klaer te maak, ongeag of 'n gesprek daaruit voortvloei of nie;
- (c) die herhaaldelike stuur, aflewering of die reël van aflewering, van briewe, telegramme, pakkies, faksimilee, elektroniese pos of ander voorwerpe aan die klaer;

**"voorgeskrewe"** by 'n regulasie kragtens artikel 19 uitgevaardig, voorgeskryf;

**"vredesbeampte"** 'n vredesbeampte soos omskryf in artikel 1 van die Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977 );

**"wapen"** enige wapen soos omskryf in artikel 1(1) of enige wapentuig soos omskryf in artikel 32(1) van die Wet op Wapens en Ammunisie, 1969 (Wet 75 van 1969);

**"woning"** ook inrigtings vir kinders, bejaardes en gestremdes.

## **Plig om klaer by te staan en van regte in te lig**

2. Enige lid van die Suid-Afrikaanse Polisie diens moet, op die toneel van 'n voorval van gesinsgeweld of so gou daarna as wat redelikerwys moontlik is, of wanneer die voorval van gesinsgeweld aangemeld word—

- (a) die bystand aan die klaer verleen wat in die omstandighede nodig is, met inbegrip daarvan om die klaer by te staan met, of reëlings te tref vir, die vind van 'n gepaste skuiling en die verkryging van mediese behandeling;

- (b) indien dit redelikerwys moontlik is, 'n kennisgewing bevattende inligting soos voorgeskryf in die amptelike taal wat die klaer verkies, aan die klaer oorhandig; en
- (c) indien dit redelikerwys moontlik is, die inhoud van die kennisgewing op die voorgeskrewe wyse aan die klaer verduidelik, met inbegrip van die regsmittele wat ingevolge hierdie Wet tot sy of haar beskikking is en die reg om 'n kriminele klagte te lê, indien van toepassing.

### **Inhegtenisname deur vredesbeampte sonder lasbrief**

3. 'n Vredesbeampte kan sonder 'n lasbrief enige respondent op die toneel van 'n insident van gesinsgeweld arresteer, indien hy of sy redelikerwys vermoed dat die respondent 'n misdryf teenoor 'n klaer gepleeg het wat 'n element van geweld bevat.

### **Aansoek om beskermingsbevel**

4. (1) 'n Klaer kan op die voorgeskrewe wyse by die hof om 'n beskermingsbevel aansoek doen.

(2) Indien die klaer nie deur 'n regsverteenvoorder verteenwoordig word nie, moet die klerk van die hof die klaer op die voorgeskrewe wyse inlig—

- (a) van die regshulp wat ingevolge hierdie Wet beskikbaar is; en
- (b) van die reg om ook 'n kriminele aanklag teen die respondent te lê, indien die respondent 'n misdryf gepleeg het.

(3) Ondanks die bepalings van enige ander wet, kan die aansoek ten behoeve van die klaer gebring word deur enige ander persoon, met inbegrip van 'n berader, gesondheidsdiensverskaffer, lid van die Suid-Afrikaanse Polisiediens, maatskaplike werker of onderwyser, wat 'n wesenlike belang in die welstand van die klaer het: Met dien verstande dat die aansoek met die skriftelike toestemming van die klaer gebring word, behalwe in omstandighede waar die klaer-

- (a) 'n minderjarige is;
- (b) verstandelik gestrem is;
- (c) bewusteloos is; of
- (d) 'n persoon is ten opsigte van wie hof oortuig is dat hy of sy nie in staat is om die verlangde toestemming te verleen nie.

(4) Ondanks die bepalings van enige ander wet, kan 'n minderjarige, of 'n persoon ten behoeve van 'n minderjarige, sonder die bystand van 'n ouer, voog of enige ander persoon by die hof om 'n beskermingsbevel aansoek doen.

(5) Die aansoek in subartikel (1) bedoel, kan buite gewone hof-ure of op 'n dag wat nie 'n gewone hofdag is nie gedoen word, indien die hof oortuig is dat die klaer aan onbehoorlike ontbering blootgestel kan word indien die aansoek nie onmiddellik gehanteer word nie.

(6) Ondersteunende beëdigde verklarings deur persone wat kennis van die betrokke geval dra, kan die aansoek vergesel.

(7) Die aansoek en beëdigde verklarings moet by die klerk van die hof ingehandig word, wat die aansoek en beëdigde verklarings onverwyld aan die hof moet voorlê.

## Oorweging van aansoek en uitreiking van tussentydse beskermingsbevel

5. (1) Die hof moet 'n aansoek ingevolge artikel 4(7) aan hom voorgelê so gou as wat redelikerwys moontlik is, oorweeg en kan, vir daardie doel, die bykomstige getuienis wat hy gepas vind, oorweeg, met inbegrip van mondelinge getuienis of getuienis by wyse van beëdigde verklaring, en sodanige getuienis vorm deel van die oorkonde van die verrigtinge.

(1A) Waar omstandighede dit toelaat en waar 'n Gesinsadvokaat beskikbaar is, kan 'n hof, in die omstandighede soos in die Wet op Bemiddeling in Sekere Egskeidingsaangeleenthede, 1987 (Wet 24 van 1987), voorgeskryf, 'n aansoek beoog in subartikel (1) oorweeg, 'n ondersoek laat instel deur 'n Gesinsadvokaat, beoog in die Wet op Bemiddeling in Sekere Egskeidingsaangeleenthede, 1987 in wie se regsgebied daardie hof geleë is, met betrekking tot die welsyn van enige minderjarige of afhanklike kind wat deur die betrokke verrigtinge geraak word, waarop die bepalinge van daardie Wet van toepassing is met die nodige veranderinge soos vereis deur die samehang.

(2) Indien die hof tevrede is dat daar *prima facie* getuienis is dat—

- (a) die respondent 'n handeling van gesinsgeweld pleeg of gepleeg het; en
- (b) die klaer as gevolg van sodanige gesinsgeweld aan onbehoorlike ontbering leed blootgestel kan word, indien 'n beskermingsbevel nie onmiddellik uitgereik word nie,

moet die hof, ondanks die feit dat die respondent nie kennis van die verrigtinge in subartikel (1) beoog, gegee is nie, 'n tussentydse beskermingsbevel teen die respondent uitreik op die voorgeskrewe wyse.

(3) (a) 'n Tussentydse beskermingsbevel word op die voorgeskrewe wyse aan die respondent beteken, en moet die respondent aansê om op die keerdatum in die bevel gespesifiseer, redes aan te voer waarom 'n beskermingsbevel nie uitgereik moet word nie.

(b) 'n Afskrif van die aansoek in artikel 4(1) bedoel en die oorkonde van enige getuienis ingevolge subartikel (1) genotuleer, moet tesame met die tussentydse beskermingsbevel aan die respondent beteken word.

(4) Indien die hof nie 'n tussentydse beskermingsbevel ingevolge subartikel (2) uitreik nie, moet die hof die klerk van die hof gelas om gewaarmerkte afskrifte van die betrokke aansoek en enige ondersteunende beëdigde verklarings op die voorgeskrewe wyse aan die respondent te laat beteken, tesame met 'n voorgeskrewe kennisgewing waarin die respondent aangesê word om op die keerdatum in die kennisgewing gespesifiseer, redes aan te voer waarom 'n beskermingsbevel nie uitgereik moet word nie.

(5) Die keerdatus in subartikels (3)(a) en (4) bedoel, mag nie minder wees nie as 10 dae nadat betekening aan die respondent plaasgevind het: Met dien verstande dat die keerdatum in subartikel (3)(a) bedoel deur die respondent by kennisgewing van minstens 24 uur aan die klaer en die betrokke hof vervroeg kan word.

(6) 'n Tussentydse beskermingsbevel het nie regs krag nie totdat dit aan die respondent beteken is.

(7) By betekening of by ontvangs van 'n relaas van betekening van 'n tussentydse beskermingsbevel, moet die klerk van die hof onverwyld—

- (a) 'n gewaarmerkte afskrif van die tussentydse beskermingsbevel; en
- (b) die oorspronklike lasbrief vir inhegtenisname in artikel 8(1)(a) bedoel, aan die klaer laat beteken.

### **Uitreiking van beskermingsbevel**

6. (1) Indien die respondent nie op 'n keerdatum in artikel 5(3) of (4) bedoel, verskyn nie, en indien die hof tevrede is dat—

- (a) behoorlike betekening aan die respondent plaasgevind het; en
- (b) die aansoek *prima facie* getuienis bevat dat die respondent 'n handeling van gesinsgeweld pleeg of gepleeg het,

moet die hof 'n beskermingsbevel uitreik in die voorgeskrewe vorm.

(2) Indien die respondent op die keerdatum verskyn om die uitreiking van 'n beskermingsbevel teen te staan, moet die hof voortgaan om die aangeleentheid te verhoor en—

- (a) enige getuienis wat voorheen ingevolge artikel 5(1) ontvang is, oorweeg; en
- (b) die verdere beëdigde verklarings of mondelinge getuienis wat hy gelas, oorweeg, en sodanige getuienis vorm deel van die oorkonde van die verrigtinge.

(3) Die hof kan, uit eie beweging of op versoek van die klaer, indien hy van oordeel is dat dit regverdig of wenslik is om aldus op te tree, gelas dat by die

ondervraging van getuies, met inbegrip van die klaer, 'n respondent wat nie deur 'n regsverteenwoordiger verteenwoordig word nie—

- (a) nie geregtig is om 'n persoon wat in 'n gesinsverhouding tot die respondent staan direk te kruisondervra nie; en
- (b) enige vraag aan die getuie moet stel deur die vraag aan die hof te stel, en die hof moet die vraag akkuraat aan die getuie oordra.

(4) Die hof moet, na 'n verhoor in subartikel (2) beoog, 'n beskermingsbevel uitreik in die voorgeskrewe vorm indien hy bevind, op 'n oorwig van waarskynlikhede, dat die respondent 'n handeling van gesinsgeweld pleeg of gepleeg het.

(5) By die uitreiking van 'n beskermingsbevel moet die klerk van die hof onverwyld op die voorgeskrewe wyse—

- (a) die oorspronklike bevel aan die respondent laat beteken; en
- (b) 'n gewaarmerkte afskrif van die bevel, en die oorspronklike lasbrief vir inhegtenisname in artikel 8(1)(a) bedoel, aan die klaer laat beteken.

(6) Die klerk van die hof moet onverwyld op die voorgeskrewe wyse gewaarmerkte afskrifte van 'n beskermingsbevel en van die lasbrief tot inhegtenisname in artikel 8 (1) (a) beoog, aan die polisiekantoor van die klaer se keuse stuur.

(7) Behoudens die bepalinge van artikel 7(7), bly 'n beskermingsbevel ingevolge hierdie artikel uitgereik van krag totdat dit tersyde gestel word, en die uitvoering van so 'n bevel word nie outomaties opgeskort hangende die aantekening van 'n appèl nie.

### **Bevoegdhede van hof in verband met beskermingsbevel**

7. (1) Die hof kan, deur middel van 'n beskermingsbevel in artikel 5 of 6 bedoel, 'n respondent verbied om—

- (a) enige handeling van gesinsgeweld te pleeg;
- (b) die hulp van 'n ander persoon te verkry om so 'n handeling te pleeg;
- (c) 'n woning wat deur die klaer en die respondent gedeel word, binne te gaan: Met dien verstande dat die hof hierdie verbod slegs oplê indien dit blyk dat dit in die beste belang van die klaer sal wees;
- (d) 'n spesifieke gedeelte van so 'n gedeelde woning binne te gaan;
- (e) die klaer se woning binne te gaan;
- (f) die klaer se werksplek binne te gaan;
- (g) die klaer wat normaalweg in 'n gedeelde woning soos in subparagraaf (c) beoog, woon of gewoon het, te verhoed om die gedeelde woning of 'n spesifieke deel van die gedeelde woning binne te gaan of daar te vertoef; of
- (h) enige ander handeling wat in die beskermingsbevel gespesifiseer word, te verrig.

(2) Die hof kan enige bykomende voorwaardes wat die hof redelikerwys noodsaaklik ag, oplê ten einde die veiligheid, gesondheid of welstand van die klaer te beskerm of om daarvoor voorsiening te maak, met inbegrip van 'n bevel—

- (a) om beslag te lê op 'n wapen of gevaarlike wapen in die besit of onder die beheer van die respondent, soos in artikel 9 beoog; en
- (b) dat 'n vredesbeampte die klaer na 'n spesifieke plek moet vergesel om hulp te verleen met reëlins betreffende die afhaal van persoonlike eiendom.



(3) By die oplegging van 'n verbod in subartikel 1 (c) bedoel, kan die hof, met inagneming van die finansiële behoeftes en middele van die klaer en die respondent, verpligtinge op die respondent plaas met betrekking tot die betaling van huur- of verbandbetalings.

(4) Die hof kan, met inagneming van die finansiële behoeftes en middele van die klaer en die respondent, die respondent gelas om geldelike noodbystand te betaal, en so 'n lasgewing het die uitwerking van 'n siviele vonnis van 'n landdroshof.

(5) (a) Die fisiese adres van die klaer mag nie op die beskermingsbevel aangedui word nie, tensy die aard van die bevel se bepalinge die insluiting van sodanige adres noodsaak.

(b) Die hof kan enige lasgewings uitreik ten einde te verseker dat die klaer se fisiese adres nie geopenbaar word op 'n wyse wat die veiligheid, gesondheid of welstand van die klaer in gevaar kan stel nie.

(6) Indien die hof tevrede is dat dit in die beste belange van 'n kind is, kan die hof—

(a) die respondent kontak met so 'n kind ontsê; of

(b) *kontak* met so kind gelas op die voorwaardes wat die hof gepas vind.

(7) (a) Die hof mag nie weier nie—

(i) om 'n beskermingsbevel uit te reik; of

(ii) om 'n voorwaarde op te lê of 'n bevel te maak wat hy ingevolge hierdie artikel kan oplê of maak,

bloot op grond daarvan dat ander regsmiddele aan die klaer beskikbaar is.

(b) Indien die hof van mening is dat enige bepaling van 'n beskermingsbevel 'n aangeleentheid hanteer wat, in die belang van geregtigheid, ingevolge enige ander wet, met inbegrip van die Wet op Onderhoud, 1998, verder gehanteer behoort te word, gelas die hof dat so 'n bepaling vir die beperkte tydperk wat die hof bepaal van krag sal wees, ten einde die betrokke party die geleentheid te bied om gepaste regshulp ingevolge so 'n wet te bekom.

### **Lasbrief tot inhegtenisname by uitreiking van beskermingsbevel**

8. (1) Wanneer ook al 'n hof 'n beskermingsbevel uitreik, maak die hof 'n bevel—

- (a) waarby die uitreiking van 'n lasbrief, in die voorgeskrewe vorm, vir die inhegtenisname van die respondent gemagtig word; en
- (b) waarby die uitvoering van so 'n lasbrief opgeskort word, onderworpe aan die *nakoming* van enige verbod, voorwaarde, verpligting of lasgewing ingevolge artikel 7 opgelê.

(2) Die lasbrief bedoel in subartikel (1)(a) bly van krag, tensy die beskermingsbevel tersyde gestel word, of dit na uitvoering gekanselleer word.

(3) Die klerk van die hof moet 'n tweede of verdere lasbrief tot inhegtenisname aan die klaer uitreik indien die klaer 'n beëdigde verklaring in die voorgeskrewe vorm liasseer waarin vermeld word dat die klaer so 'n lasbrief vir sy of haar beskerming nodig het en dat die bestaande lasbrief—

- (a) uitgevoer en gekanselleer is; of
- (b) verloor of vernietig is.

(4) (a) 'n Klaer kan die lasbrief tot inhegtenisname, tesame met 'n beëdigde verklaring in die voorgeskrewe vorm waarin vermeld word dat die respondent 'n verbod, voorwaarde, verpligting of lasgewing in 'n beskermingsbevel vervat, verontagsaam het, aan enige lid van die Suid-Afrikaanse Polisie diens oorhandig.

(b) Indien dit aan die lid blyk, behoudens subartikel (5), dat daar redelike gronde is om te vermoed dat die klaer aan dreigende leed blootstaan as gevolg van die beweerde verbreking van die beskermingsbevel deur die respondent, moet die lid onverwyld die respondent arresteer vir die beweerde pleging van die misdryf in artikel 17 (a) bedoel.

(c) Indien die betrokke lid van oordeel is dat daar nie voldoende gronde is om die respondent ingevolge paragraaf (b) te arresteer nie, moet hy of sy onverwyld 'n skriftelike kennisgewing aan die respondent oorhandig, wat—

- (i) die naam, die woonadres en die beroep of status van die respondent bevat;
- (ii) die respondent aansê om by 'n plek en op 'n datum en op 'n tyd te verskyn wat in die kennisgewing vermeld word, op 'n aanklag dat hy of sy die misdryf in artikel 17(a) bedoel, gepleeg het; en
- (iii) 'n sertifikaat onder naamtekening van die betrokke lid bevat dat hy of sy die oorspronklike van bedoelde kennisgewing aan die respondent oorhandig het en dat hy of sy die betekenis daarvan aan die respondent verduidelik het.

(d) Die lid moet onverwyld 'n duplikaat-oorspronklike van die kennisgewing in paragraaf (a) bedoel, aanstuur aan die klerk van die betrokke hof, en die blote voorlegging aan die hof van so 'n duplikaat-oorspronklike is *prima facie*-bewys dat die oorspronklike daarvan aan die respondent daarin vermeld, oorhandig is.

(5) By die oorweging van die vraag of 'n klaer aan dreigende leed blootstaan, soos in subartikel (4)(b) beoog, moet die lid van die Suid-Afrikaanse Polisie diens in ag neem—

- (a) die risiko vir die veiligheid, gesondheid of welstand van die klaer;
- (b) die erns van die optrede wat 'n beweerde verbreking van die beskermingsbevel uitmaak; en
- (c) die tydsduur sedert die beweerde verbreking plaasgevind het.

(6) Wanneer ook al 'n lasbrief vir inhegtenisname ingevolge subartikel (4)(a) aan 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisie diens oorhandig word, moet die lid die klaer inlig van sy of haar reg om terselfdertyd 'n kriminele aanklag teen die respondent te lê, indien van toepassing, en aan die klaer verduidelik hoe om so 'n aanklag te lê.

### **Beslaglegging op wapens en gevaarlike wapens**

9. (1) Die hof moet 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisie diens gelas om beslag te lê op enige wapen of gevaarlike wapen wat in die respondent se besit of onder sy of haar beheer is, indien die hof vanuit die getuienis wat voor hom geplaas is, met inbegrip van enige beëdigde verklarings ter ondersteuning van 'n aansoek in artikel 4(1) bedoel, oortuig is dat—

- (a) die respondent gedreig het of die bedoeling uitgespreek het om homself of haarself of enige persoon binne 'n gesinsverhouding te dood of te beseer, hetsy met sodanige wapen of gevaarlike wapen, al dan nie; of

(b) besit van sodanige wapen of gevaarlike wapen nie in die beste belang van die respondent of enige ander persoon binne 'n gesinsverhouding is nie vanweë die respondent se—

- (i) geestestoestand of verstandelike toestand;
- (ii) geneigdheid tot geweld; of
- (iii) gebruik of afhanklikheid van sterk drank of verdowingsmiddels.

(2) Enige wapen waarop ingevolge subartikel (1) beslag gelê is, moet aan die bekleër van 'n amp in die Suid-Afrikaanse Polisie diens soos beoog in artikel 11(2)(b) van die Wet op Wapens en Ammunisie, 1969 (Wet 75 van 1969), oorhandig word, en die hof gelas die klerk van die hof om 'n afskrif van die oorkonde van die betrokke verrigtinge aan die Nasionale Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie diens te stuur vir oorweging ingevolge artikel 11 van die Wet op Wapens en Ammunisie, 1969.

(3) Enige gevaarlike wapen waarop ingevolge subartikel (1) beslag gelê is—

- (a) moet 'n onderskeidende uitkenningsteken gegee word en in polisiebewaring gehou word vir die tydperk wat die hof bepaal; en
- (b) word slegs aan die respondent of, indien die respondent nie die eienaar daarvan is nie, aan die eienaar daarvan, teruoorhandig op bevel van die hof en op die voorwaardes wat die hof bepaal:

Met dien verstande dat—

- (i) indien die waarde van die gevaarlike wapen waarop aldus beslag gelê is na die oordeel van die hof minder as R200 is; of

- (ii) indien die teruggawe van die gevaarlike wapen nie binne 12 maande nadat dit aldus op beslag gelê is, beveel is nie; of
- (iii) indien die hof oortuig is dat dit in die belang van die veiligheid van enige betrokke persoon is,

kan die hof gelas dat die gevaarlike wapen aan die Staat verbeur word.

### **Wysiging of tersydestelling van beskermingsbevel**

**10.** (1) 'n Klaer of 'n respondent kan, by skriftelike kennisgewing aan die ander party en die betrokke hof, aansoek doen vir die wysiging of tersydestelling van 'n beskermingsbevel in artikel 6 bedoel op die voorgeskrewe wyse.

(2) Indien die hof oortuig is dat goeie redes aangetoon is vir die wysiging of tersydestelling van die beskermingsbevel, kan die hof 'n bevel uitreik wat daaraan gevolg gee: Met dien verstande dat die hof nie so 'n aansoek aan die klaer toestaan nie, tensy die hof oortuig is dat die aansoek ongedwonge en uit vrye wil gedoen is.

(3) Die klerk van die hof moet 'n kennisgewing soos voorgeskryf aan die klaer en die respondent stuur indien die beskermingsbevel gewysig of tersyde gestel word soos in subartikel (1) beoog.

### **Bywoning van verrigtinge en verbod op publikasie van sekere inligting**

11. (1) (a) Geen persoon mag by verrigtinge ingevolge hierdie Wet aanwesig wees nie, behalwe—

- (a) beamptes van die hof;
- (b) die partye by die verrigtinge;
- (c) 'n persoon wat ingevolge artikel 4(3) 'n aansoek ten behoeve van 'n klaer bring;
- (d) 'n regsverteenwoordiger wat 'n party by die verrigtinge verteenwoordig;
- (e) getuies;
- (f) hoogstens drie persone vir die doel om ondersteuning aan die klaer te verleen;
- (g) hoogstens drie persone vir die doel om ondersteuning aan die respondent te verleen; en
- (h) enige ander persoon wat die hof toelaat om teenwoordig te wees:

Met dien verstande dat die hof, indien hy tevrede is dat dit in die belang van die regspleging is, enige persoon van die bywoning van enige deel van die verrigtinge kan uitsluit.

(b) Hierdie subartikel beperk nie enige ander bevoegdheid van die hof om verrigtinge *in camera* te verhoor nie of om enige persoon van die bywoning van sodanige verrigtinge uit te sluit nie.

(2) (a) Geen persoon mag inligting publiseer wat, regstreeks of onregstreeks, die identiteit van 'n party by die verrigtinge kan openbaar nie.

(b) Die hof kan, indien hy tevrede is dat dit in die belang van die regspleging is, gelas dat enige verdere inligting betreffende verrigtinge ingevolge hierdie Wet gehou nie gepubliseer mag word nie: Met dien verstande dat geen lasgewing ingevolge hierdie subartikel van toepassing is nie ten opsigte van 'n *bona fide*

hofverslag wat nie die name of identiteit van die partye of enige getuies by die verrigtinge bekend maak of openbaar nie.

## **Regsbevoegdheid**

**12.** (1) *Enige* hof binne die gebied waarin—

- (a) die klaer permanent of tydelik woon, besigheid bedryf of in diens is;
- (b) die respondent woon, besigheid bedryf of in diens is; of
- (c) die eisorsaak ontstaan het,

het regsbevoegdheid om 'n beskermingsbevel soos in hierdie Wet beoog, uit te reik.

(2) Geen spesifieke minimum tydperk word met betrekking tot subartikel (1) (a) vereis nie.

(3) 'n Beskermingsbevel is in die hele Republiek afdwingbaar.

## **Betekening van dokumente**

**13.** (1) Die betekening van enige dokument ingevolge hierdie Wet word onverwyld op die voorgeskrewe wyse uitgevoer deur die klerk van die hof, die balju of 'n vredesbeampte, of soos die hof gelas.

(2) Die regulasies in artikel 19 beoog, moet voorsiening maak vir geldelike bystand deur die Staat aan 'n klaer of 'n respondent wat nie die middele het om die fooie vir enige betekening ingevolge hierdie Wet te betaal nie.



## **Regsverteenwoordiging**

14. Enige party tot verrigtinge ingevolge hierdie Wet kan deur 'n regsverteenwoordiger verteenwoordig word.

## **Koste**

15. Die hof maak slegs 'n kostebevel teen 'n party indien hy tevrede is dat so 'n party op 'n beuselagtige, kwelsugtige of onredelike wyse opgetree het.

## **Appèl en hersiening**

16. Die bepalings in verband met appèlle en hersienings beoog in die Wet op Landdroshowe, 1944 (Wet 32 van 1944), en die Wet op die Hooggeregshof, 1959 (Wet 59 van 1959 ), is op enige verrigtinge ingevolge hierdie Wet van toepassing.

## **Misdrywe**

17. Ondanks die bepalings van enige ander wet, is 'n persoon wat—
- (a) enige verbod, voorwaarde, verpligting of lasgewing ingevolge artikel 6 opgelê, oortree;
  - (b) die bepalings van artikel 11(2)(a) oortree;

- (c) versuim om te voldoen aan 'n lasgewing ingevolge die bepalings van artikel 11 (2)(b); of
- (d) in 'n beëdigde verklaring in artikel 8(4)(a) bedoel, opsetlik 'n valse verklaring in 'n wesenlike opsig maak,
- skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar, in die geval van 'n oortreding in paragraaf (a) bedoel, met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 5 jaar of met beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf, en in die geval van 'n oortreding in paragraaf (b), (c) of (d) bedoel, met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens twee jaar of met beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf.

## **Toepassing van Wet deur vervolgingsgesag en lede van die Suid-Afrikaanse Polisie**

- 18.** (1) Geen aanklaer mag—
- (a) weier om 'n vervolging in te stel nie; of
- (b) 'n aanklag terugtrek nie,
- in verband met 'n oortreding van artikel 17(a), tensy hy of sy daartoe gemagtig is, hetsy in die algemeen of in 'n bepaalde geval, deur 'n Direkteur van Openbare Vervolgings soos beoog in artikel 13(1)(a) van die Wet op die Nasionale Vervolgingsgesag, 1998 (Wet 32 van 1998 ), of 'n senior lid van die vervolgingsgesag skriftelik deur so 'n Direkteur daartoe aangewys.

(2) Die Nasionale Direkteur van Openbare Vervolgings bedoel in artikel 10 van die Wet op die Nasionale Vervolgingsgesag, 1998, in oorleg met die Minister van Justisie en na oorleg met die Direkteure van Openbare Vervolgings, moet vervolgingsbeleid bepaal en beleidsvoorskrifte uitreik betreffende enige misdryf wat uit 'n voorval van gesinsgeweld voortspruit.

(3) Die Nasionale Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie diens moet nasionale instruksies uitreik soos beoog in artikel 25 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisie diens, 1995 (Wet 68 van 1995), wat sy lede by die uitvoering van hulle werksaamhede ingevolge hierdie Wet moet nakom, en enige instruksies aldus uitgereik moet in die *Staatskoerant* gepubliseer word.

(4) (a) Versuim deur 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisie diens om 'n verpligting na te kom wat ingevolge hierdie Wet of die nasionale instruksies in subartikel (3) bedoel, opgelê is, stel wangedrag daar soos in die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisie diens, 1995, beoog, en die Sekretariaat, ingevolge artikel 4(1) van die “Civilian Secretariat for Police Service Act, 2010”, ingestel, moet onverwyld in kennis gestel word van enige sodanige versuim wat aan die Suid-Afrikaanse Polisie diens gerapporteer is.

(b) Tensy die Sekretariaat in 'n bepaalde geval anders gelas, moet die Suid-Afrikaanse Polisie diens dissiplinêre verrigtinge instel teen 'n lid wat na bewering versuim het om 'n verpligting in paragraaf (a) bedoel, na te kom.

(5) (a) Die Nasionale Direkteur van Openbare Vervolgings moet enige vervolgingsbeleid en beleidsvoorskrifte ingevolge subartikel (2) bepaal of uitgereik aan die Parlement voorlê, en die eerste sodanige beleid en voorskrifte aldus bepaal of

uitgereik, moet binne ses maande na die inwerkingtreding van hierdie Wet aan die Parlement voorgelê word.

(b) Die Nasionale Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie moet enige nasionale instruksies ingevolge subartikel (3) uitgereik aan die Parlement voorlê, en die eerste *sodanige* instruksies aldus uitgereik, moet binne ses maande na die inwerkingtreding van hierdie Wet aan die Parlement voorgelê word.

(c) Die Sekretariaat moet, elke ses maande, 'n verslag aan die Parlement voorlê betreffende die aantal en besonderhede van aangeleenthede wat ingevolge subartikel (4)(a) aan hom gerapporteer is, en wat die aanbevelings wat ten opsigte van sodanige aangeleenthede gedoen is, uiteensit.

(d) Die Nasionale Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie moet, elke ses maande, 'n verslag aan die Parlement voorlê betreffende—

- (i) die aantal en besonderhede van klagtes wat teen sy lede ontvang is ten opsigte van enige versuim in subartikel (4)(a) beoog;
- (ii) die dissiplinêre verrigtinge wat as gevolg daarvan ingestel is en die beslissings wat daaruit voortgespruit het; en
- (iii) stappe wat gedoen is as gevolg van aanbevelings wat deur die Sekretariaat gedoen is.

## Regulasies

- 19.** (1) Die Minister van Justisie kan regulasies uitvaardig betreffende—
- (a) enige vorm wat ingevolge hierdie Wet voorgeskryf moet word;
  - (b) enige aangeleentheid wat ingevolge hierdie Wet voorgeskryf moet word; en
  - (c) enige ander aangeleentheid wat die Minister noodsaaklik of dienstig ag om voor te skryf ten einde die oogmerke van hierdie Wet te bereik.

- (2) 'n Regulasie kragtens subartikel (1) uitgevaardig—
- (a) moet aan die Parlement voorgelê word alvorens dit in die *Staatskoerant* gepubliseer word;
  - (b) wat uitgawes vir die Staat kan meebring, word in oorleg met die Minister van Finansies uitgevaardig; en
  - (c) kan voorsiening maak dat 'n persoon wat 'n bepaling daarvan oortree of versuim om daaraan te voldoen aan 'n misdryf skuldig is en by skuldigbevinding strafbaar is met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens een jaar.

## **Wysiging van artikel 40 van Wet 51 van 1977, soos gewysig deur artikel 41 van Wet 129 van 1993 en artikel 4 van Wet 18 van 1996**

- 20.** Wysig artikel 40 (1) van die Strafproseswet 51 van 1977, deur paragraaf (q) by te voeg:

"(q) wat redelikerwys vermoed word 'n handeling van gesinsgeweld soos in die Wet op Gesinsgeweld, 1998, beoog te gepleeg het, wat 'n misdryf uitmaak waarvan geweld 'n element is.".

### **Herroeping van wette en voorbehoude**

**21.** (1) Artikels 1, 2, 3, 6 en 7 van die Wet op die Voorkoming van Gesinsgeweld, 1993 (Wet 133 van 1993 ), word hierby herroep.

(2) Enige aansoek gebring, verrigtinge ingestel of interdik toegestaan ingevolge die Wet in subartikel (1) bedoel, word geag ingevolge hierdie Wet gebring, ingestel of toegestaan te gewees het.

### **Kort titel en inwerkingtreding**

**22.** Hierdie Wet heet die Wet op Gesinsgeweld, 1998, en tree in werking op 'n datum deur die President by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.